



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gustav se onhebbelike wekkertjie deur Anna Emm

Onhebbelik beteken baie stout, en dis presies wat Gustav se nuwe wekkertjies was – baie stout! Hy het dit vir sy verjaardag gekry. Hy was sommer baie opgewonde oor die wekkertjie, want volgende jaar moet Gustav skool toe gaan, en dan kan die wekkertjie hom elke oggend betyds wakker maak.

Maar o aarde. Die eerste nag begin die onhebbelike wekkertjie sommer in die middel van die nag lui! Vaak-vaak work Gustav wakker. “Hoekom lui jy dan nou?” vra hy. “Dis dan nog in die middel van die nag?”

“Ek wou jou wakker maak sodat jy kan sien hoe mooi die maan is!” roep die wekkertjie opgewonde.

“Ja, dis mooi,” sug Gustav, en raak weer aan die slaap.

Die volgende nag lui die wekkertjie hom wéér wakker. “Luister, Gustav!” roep die wekkertjie. “Luister hoe sing die wind! Is dit nie mooi nie?”

Elke nag maak die wekkertjie vir Gustav wakker. Party nagte sommer twee keer! Eers wil hy vir hom die maan wys en die wind laat hoor, en dan wil hy vir hom 'n snaakse storie vertel waaraan hy gedink het... Maar Gustav se mamma is glad nie gelukkig nie. “As die wekkertjie nie gaan leer om op die regte tyd te lui nie,” sê sy kwaai, “dan sal ek hom moet wegvat. Kyk net hoe vaak is jy, Gustav! Jy kry nie genoeg slaap in die nag nie!”

Daardie nag gaan die onhebbelike wekkertjie weer op 'n onhebbelike tyd aan die lui. Nou is almal in die huis sommer wakker, en Gustav se pappa is kwaad!

“Wag! Wag!” roep die wekkertjie. “Moenie my weggooi nie! Kyk, ek het julle wakker gemaak, want daar kom rook uit die kombuis uit...”

En sowaar! Gustav se mamma het die vorige aand vergeet om die stoof heeltemal af te skakel, en as die wekkertjie hulle die wakker gemaak het nie, sou die hele kombuis afgebrand het!

“Mmmm, dalk is dit nie so 'n slegte ding om 'n onhebbelike wekkertjie in die huis te hê nie...” sê Gustav se mamma. “Maar jy moet belowe om NIE vir Gustav in die middel van die nag wakker te maak nie, hoor jy? Hy is nog klein en hy moet genoeg slaap.”

Die wekkertjie het belowe, en hy het sy bes probeer. Hy het nie meer vir Gustav in die nag wakker gemaak om vir hom die maan te wys, of die wind se liedjie te laat luister nie. Net partykeer, wanneer daar 'n ster verskiet het, of wanneer daar silwer paddas in die tuin kom sit en kwaak het, dan het die wekkertjie vir Gustav wakker gemaak om dit te sien. Maar dan het hy altyd baie saggies gelui... om nie die ander huismense wakker te maak nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Gustav se onhebbelike wekkertjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za